**SONDAG 7 JUNIE**

**SKRIFGEDEELTE: RIGTERS 4:17-23**
**FOKUSGEDEELTE: RIGTERS 4:17-18**

**Jael – Die Here gebruik jou as ’n aktiewe instrument in sy koninkryk!**

Die Here red sy volk op die wonderbaarlikste manier. Die volk Israel het, soos ons in hoofstuk 4:1 lees, weer gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here. Daarom het die Here hulle in die mag van koning Jabin en sy hoofbevelvoerder, Sisera, oorgegee. Wanneer die volk tot die Here bid, reageer Hy dadelik op hulle hulpgeroep. Die Here is die ware redder in hierdie hele verhaal, maar Hy gebruik mense as sy instrumente in sy raadsplan.

Hy het Sisera in Jael (steenbok) se hand oorgegee en sy het die eer van die oorwinning gekry. Jael was ’n vrou uit die nageslag van Moses se skoonfamilie. Sy was dus streng gesproke ’n aangetroude Israeliet. Sy en haar man het ook goed met koning Jabin van Hasor en sy weermag oor die weg gekom. Dit is waarom Sisera juis na hulle tent toe vlug.

Menslik gesproke was Jael nie juis ’n persoon wat ons sal kies om ’n opdrag van die Here uit te voer nie. Die Here gebruik juis haar as vrou, wat nie hoog in aansien van mense was nie, om sy taak uit te voer. Dit is soos daar in 1 Korintiërs 1:27-29 staan, die Here kies mense om in sy diens te gebruik wat in die wêreld se oë klein is.

Selfs ons Verlosser, Jesus Christus, was deur die mense gespot en selfs gekruisig, maar sy Vader het juis Hom gestuur om vir ons almal se sondes te sterf. Hy het vir ons gesterf en Hy gee vir ons krag deur die werking van die Heilige Gees om ook nou op die roeping van ons Vader te reageer.

Die Here wil jou vandag aktief in sy diens gebruik. Maak nie saak in watter pos jy staan of hoeveel aansien jy het nie, jy word deur die Here geroep om sy liefde aan almal uit te dra. Hoe gaan jy op sy roepstem reageer?

*Sing: Psalm 46:1*
*Ds. DJ (Dirk) de Bruyn (Barkly-Oos/Maclear/Elliot)*